Cambridge Assessment International Education

# Cambridge IGCSE™

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/02**

Paper 2 Listening **October/November 2021**

TRANSCRIPT **Approximately 35–45 minutes**

This document has **8** pages.

© UCLES 2021



https://xtremepape.rs/

TRACK 1

**E** Cambridge Assessment International Education
Cambridge IGCSE
November 2021 examination in Afrikaans as a Second Language
Paper 2 Listening

Turn over now.

PAUSE 00'05''

**TRACK 2**

SIGNAL

**M** **Oefening 1**

Cindy Davids, 'n fisioterapeut, praat oor die gebruik van selfone.

Beantwoord die vrae deur 'n regmerkie (✓) in die toepaslike blokkie te maak om aan te dui of die stelling **waar** of **onwaar** is.

Jy sal die praatjie twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01'00''

* SIGNAL

**V** Ek werk by 'n hospitaal en uit ondervinding met pasiënte weet ek dat selfone letterlik 'n pyn in die nek is. En in die gesig, oë, neus en kop! 'n Studie het gewys dat soveel as 80 000 Amerikaners van 2000 tot 2021 kop- en nekbeserings opgedoen het wat verband hou met selfoongebruik.

Hierdie bevindings is gebaseer op sowat 175 Amerikaanse hospitale se data. Dit is die eerste studie van sy soort wat net gefokus het op kop- en nekbeserings. Die studie wys dat meer as 3000 pasiënte met nek- en kopbeserings by die hospitale aangekom het.

Selfoongebruikers doen dikwels beserings op wanneer hulle op hul fone tik terwyl hulle loop, en dan teen 'n lamppaal of iets anders vasloop, of skeef trap. Of iemand kap jou met 'n selfoon in die gesig in 'n vertrek vol mense.

PAUSE 00'05''

In Hongkong is 'n spesiale sypaadjie gebou vir mense wat hul slimfone gebruik terwyl hulle loop. In Wene, Oostenryk is lugsakke teen sommige lamppale gesit om mense te waarsku teen die gevare as 'n foon jou aandag van die onmiddellike omgewing aftrek.
Volgens 'n Britse mediese tydskrif het hierdie tipe beserings sedert die iPhone se bekendstelling in 2007 dramaties vermeerder. Al hoe meer apps is beskikbaar, daarom raak mense meer afhanklik van hul mobiele toestelle. Die gevaar word egter ook groter.

'n Mens moenie lag nie, want sulke soort beserings kan langtermynkomplikasies inhou. 'n Navorser in die studie oor selfoonbeserings, dr. Van Wyk, het gesê: 'Niemand by sy volle verstand sal 'n boek lees terwyl jy loop nie. Hoekom wil jy dan 'n hele artikel op jou foon lees terwyl jy loop?'
PAUSE 00'05''

© UCLES 2021


https://xtremepape.rs/

Beserings styg veral onder jong mense tussen 13 en 29. Behalwe snye en kneusplekke aan die gesig, kan daar ook nek-, rug- en interne beserings wees – selfs breinbeserings. As jy na jou selfoon op jou skoot loer, is daar druk op jou nek, en die bykomende druk plaas spanning op jou ruggraat.

Die slimfoon self kan ook mense beseer. Daar was ’n vrou in Duitsland wat iets op haar foon gelees het terwyl sy in die bed gelê het. Die foon het uit haar hand op haar gesig geval en haar neus gebreek!

Ek meen die getal indirekte beserings wat met slimfone verband hou, is baie meer as wat die studie aandui omdat baie mense nie hospitaal toe gaan vir sulke ligte beserings nie. Kyk dus waar jy loop en nie op jou foon nie. Jou gesondheid sal daarby baat. **

PAUSE 00’05’’

**M** Jy sal die praatjie nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

TRACK 3

SIGNAL

**M** **Oefening 2**

Pendile Wecu praat met Wahida Amardien, ’n navorser wat waterdiere bestudeer.

Beantwoord die vrae deur die korrekte antwoord, **A**, **B**, **C** of **D** te kies en ’n regmerkie (✓) in die blokkie langs jou keuse te maak.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00

* SIGNAL

**M** Goeiemôre, Wahida, ek kom gereeld by die mariene navorsingsafdeling van die universiteit, maar het nog nooit met iemand hier gesels nie. Baie dankie dat jy gewillig is om op ’n Saterdag tyd aan my af te staan.

**V** Ek praat graag met mense wat in die see en seelewe belangstel. Die universiteit het ook ’n opvoedingsafdeling wat gereeld praatjies aanbied om belangstelling by die publiek te wek. Soms doen ons opwindende, ongewone dinge waarvan ek graag vertel.

**M** Ek het gehoor julle het onlangs ’n seeskilpad waaroor julle navorsing gedoen het, vrygelaat. Ek wil baie graag hoor wat met hom gebeur het. Dit moet ’n interessante storie wees.

**V** Ja, jy praat van Turto, ’n groenseeskilpad. Hy was ’n jaar by ons. Twee inwoners van Hermanus het hom op die strand by Struisbaai gevind, waar hy uitgespoel en hulpeloos gelê het. Hierdie mense het die Nasionale Seereddingsinstituut gebel, en hulle het die seeskilpad na die universiteit gebring.

© UCLES 2021

https://xtremepape.rs/

**M** Wanneer het julle hom toe vrygelaat en hoekom het julle dit gedoen?

**V** Turto was ’n siek seeskilpad toe hy by ons gekom het. ’n Plastieksak is in sy keel gevind, en dit is hier verwyder. Dit is ’n tipiese voorbeeld van probleme wat deur die mens geskep word. Ander seeskilpaaie wat ons hier het, het in toue en visnette verstengel geraak. Met ons sorg en sy sterk veggees het hy goed herstel. Nadat ons hom ’n jaar lank gerehabiliteer het, het ons gevoel hy het goed genoeg herstel om vrygelaat te word. Hy is mos ’n wilde dier wat in die natuur hoort.

PAUSE 00’05’’

**M** Hoe het julle nadat hy vrygelaat is, geweet waar hy was en hoe dit nou met hom gaan?

**V** Hy het ’n satellietopsporingstoestel waarmee sy bewegings gemonitor word. Hy het teen die Weskus opgeswem en was nooit meer as 52 km van die kus af nie. Hy verkies dit om nader aan die strand te wees.

**M** Hoe ver het Turto min of meer elke dag geswem?

**V** Wel, hy is nou al meer as ’n jaar vry, en hy het al sowat 2450 km afgelê. Dit beteken hy swem min of meer 25 km per dag.

**M** Hy het duidelik uithouvermoë. Hoe diep duik sulke seeskilpaaie?

**V** Groenseeskilpaaie duik nie baie diep nie. Hulle bly gewoonlik tussen die wateroppervlak en ’n diepte van 30 meter. Ons weet die water waar hy hom nou bevind, is sowat 60 meter diep.

PAUSE 00’10’’

**M** Dan waag Turto dit darem nou in baie diep water. Verkies hy koue of warmer water?

**V** Dit is te koud vir die skilpaaie as die watertemperatuur laer as 10 °C is. Die water waarin Turto nou swem, is 15 °C tot 17 °C. Ons hoop hy kan tussen hierdie temperature bly.

**M** Dis ’n wonderlike verhaal. Jy het my geïnspireer om meer inligting oor seediere te versamel. Dalk kan ek self eendag ’n werk doen wat hiermee te doen het.

**V** Dit was ’n plesier. Turto is ’n goeie voorbeeld van ’n ware optimis wat nou ’n avontuur langs die Weskus beleef. Hou gerus sy vordering op ons webwerf dop, en kyk na die interessante inligtingsessies en video’s wat ons opvoedingsafdeling aanbied. **

PAUSE 00’05’’

**M** Jy sal die gesprek nou weer ’n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’20’’

© UCLES 2021


https://xtremepape.rs/

TRACK 4

SIGNAL

**M** **Oefening 3**

John Wilkes, ’n onderwysstudent, gesels met Carla Jansen. Sy is ’n Afrikaansonderwyser by ’n hoërskool in Kaapstad.

Maak kort aantekeninge oor die gesprek in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01’00’’

* SIGNAL

**M** Carla, dankie dat jy met my gesels. Vertel my ’n bietjie meer van die werk van ’n onderwyser.

**V** Die onderwys is ’n uitdagende beroep: Daar word van onderwysers verwag om leerders te inspireer, te dissiplineer en te motiveer. Onderwysers moet soveel baadjies dra: opvoeder; vakspesialis; sielkundige; ma of pa; sportorganiseerder. En dit alles nog voor jy na jou eie gesin omgesien het! Die grootste uitdaging is om talentvolle onderwysers te kry en te behou. Vir Afrikaans as vak is die grootste uitdaging om entoesiasme vir die taal te kweek.

**M** En wat van leerders?

**V** Daar word baie van hulle verwag. Hulle skooldae is vol; hulle moet hard werk om sukses te behaal, en hulle moet hulle ook voorberei op die lewe na skool, want die sprong tussen hoërskool en universiteit of werk is enorm.

PAUSE 00’10’’

**M** Watter eienskappe het ’n goeie onderwyser nodig, dink jy?

**V** Jy sal sonder ’n humorsin, kreatiwiteit, entoesiasme, empatie, ruimhartigheid, aanpasbaarheid, toegewydheid en volharding byvoorbeeld nie lank in die onderwys oorleef nie. Vir my is dit noodsaaklik om jou te omring met kollegas wat jou aanmoedig en uitdaag om beter te wil doen. Hierdie tipe kollegas maak skoolhou lekker. Verder is my advies aan ander onderwysers dat dit belangrik is om iets buite die skool te hê wat jou baie plesier verskaf. Vir my is dit sing. Daar is niks beter as om uit volle bors saam met ander mense in ’n koor te sing nie.

**M** Hoe moedig jy jou leerders aan om aktief deel te neem aan die lesse?

**V** Kinders moet deel wees van die beplanning van wat in die klas gebeur. Aan die einde van elke jaar gee ek my leerders kans om vir my, anoniem, terugvoering te gee. Ek vra hulle watter klasaktiwiteite gewerk het en watter nie. Watter onderwerpe het hulle die meeste geniet? Ek vra altyd vir hulle terugvoering oor hoe ek klasgee, en ek waardeer dit, want dit is altyd eerlik. Wanneer hulle stem gehoor word, en hulle kan sien jy luister, kry jy hulle aan jou kant.

PAUSE 00’10’’

**M** In watter mate gebruik jy tegnologie in jou klaskamer?



https://xtremepape.rs/

**V** Ek is in die baie bevoorregte posisie om 'n rekenaar, interaktiewe witbord en projektor in my klas te hê. Daar gaan nie 'n dag verby wat ek dit nie gebruik nie. Die kinders leef in 'n digitale era en gebruik dikwels e-gereedskap. Ek het ook onlangs begin kyk na e-lesse en het 'n wonderlike skoolhoof wat vrylik sy tyd en wysheid deel.

**M** Watter aspek van jou vak vind leerders die moeilikste?

**V** Van die leerders sukkel om kreatief te skryf; veral langer tekste. Hulle lees te min, wat veroorsaak dat hulle woordeskat te beperk is.

**M** Wat is die beste manier om leerders te help om beter te skryf?

**V** Elke onderwyser is anders, dus is daar nie net een regte antwoord daarvoor nie. Leerders moet hulle skryfwerk leer verbeter en ek as onderwyser moet hulle kan motiveer om dit te oefen en te oefen en nogmaals te oefen, anders gaan dit nie werk nie!

**M** Wat is jou droom vir die onderrig van Afrikaans in die toekoms?

**V** Eenvoudig dit: om die gebruik van Afrikaans binne en buite die skool te laat toeneem. **

PAUSE 00'10''

**M** Jy sal die gesprek nou weer 'n keer hoor.

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00'20''

TRACK 5

SIGNAL

**M** **Oefening 4**

Marlene Louw voer 'n onderhoud met Wilson Adams, 'n suksesvolle jong musikant.

Beantwoord die vrae in Afrikaans.

Jy sal die gesprek twee keer hoor.

Jy het eers tyd om die vrae deur te lees.

PAUSE 01'30''

* SIGNAL

**V** Hallo, Wilson, ek is 'n groot bewonderaar van jou musiek. Toe die tydskrif waarvoor ek werk, my vra om oor 'n jong musikant te skryf wat suksesvol in die musiekwêreld is, het ek dadelik aan jou gedink.

**M** Dis lekker om met jou te praat, Marlene. Ek is nie iemand wat gedurig in die kalklig wil wees nie. Ek doen maar net my ding en fokus op my musiek.

**V** Ja, maar jou 'ding' is so goed dat jy oral oor die radio en stroomdienste gehoor word met jou nuwe musiek, en jou uitstekende snit, 'Ek voel fantasties'. Jy hou nou al 'n paar jaar lank ons dansvloere met jou musiek besig. Wanneer gaan jy ons met nuwe liedjies laat dans?

© UCLES 2021 

https://xtremepape.rs/

**M** Vroeg in Januarie word my album, *Seisoene*, met ses nuwe liedjies uitgereik. Dit gaan oor hoe ek my eie klank gevind het, en oor die stadiums wat ek deurgegaan het, sowel as my ervarings die afgelope jaar. Ek het 'n verhouding met 'n meisie gehad, maar dis nou iets van die verlede. Van die liedjies gaan hieroor.

**V** Dit is opwindend! Wat sê jy vir jong luisteraars in jou nuwe liedjie?

**M** Ek wil hulle moed gee, want in die liedjie 'Ek voel fantasties', sing ek oor my probleme, en hoe ek daaroor gekom het. Verder wil ek ook mense wat dalk ook deur sulke probleme gaan, hoop gee, want hulle sal hoor ek voel nou weer goed.

PAUSE 00'10''

**V** Jy is 'n inspirasie. En vertel my, hoe het jy so 'n goeie kitaarspeler geword?

**M** Ek het in graad 4 leer kitaar speel. Toe ek in die hoërskool kom, het ek opgehou met die kitaarlesse, want hulle het dit nie by daardie skool aangebied nie. By die huis het ek egter aangehou om op my kitaar te tokkel. Toe het ek al daaraan gedink om 'n kitaarspeler te word, maar dit het taamlik lank geduur voordat ek goed kon speel.

**V** Wanneer het dinge dan vir jou verander?

**M** 'n Vriendin het my gevra om by 'n modevertoning wat sy gereël het op te tree. 'n Musiekvervaardiger, Riaan Botha, het my daar raakgesien (of raakgehoor), en toe het my lewe begin verander. Hy het van my stem gehou en my geleer om dit sterker te maak. Ons het toe van my beste liedjies in sy ateljee opgeneem. Daarna het ek ook saam met ander musiekvervaardigers begin werk. My debuutliedjie, 'Ek en jy', is uitgereik. Ek het geleidelik begin om my eie klank te vind.

**V** Wat dink jy is 'jou klank'?

**M** My klank is veelsydig. Ek gebruik verskillende musiekstyle, soos R&B en house, maar eintlik is my gunstelingmusiek pop. Ek sien myself dus veral as 'n popsanger. Ek skryf hoofsaaklik oor 'n mens of 'n situasie.

PAUSE 00'10''

**V** Het jy ook ander belangstellings as musiek?

**M** Op vyfjarige ouderdom het ek met koeng-foe begin, en ek doen dit vandag nog. Ek is nou 'n koeng-foe-meester, en het twee Suid-Afrikaanse titels gewen. Verder speel ek ook van kleins af rugby. Toe ek in die hoërskool was, het ons in Japan gaan rugby speel. Ek was in Oktober verlede jaar weer daar, en het besluit om die musiekvideo vir my nuwe liedjie, 'Strive or Be Defeated', daar te skiet. Dit is twee maande later uitgereik. 'n Radiostasie het dit gou begin speel en later was die liedjie selfs op die top-30-trefferslys van 'n radiostasie in Birmingham, Engeland.

**V** Hoe sien jy jou toekoms, Wilson?

**M** Ek wil eendag in die Kaapstad-stadion optree, en dit is my droom om in ander lande te speel. Verder wil ek my eie klerereeks begin wat my eie modestyl weerspieël.

**V** Ek is seker daar wag 'n blink toekoms op jou, Wilson. Met jou deursettingsvermoë sal jy jou ideale bereik. **

PAUSE 00'10''

**M** Jy sal die gesprek nou weer 'n keer hoor.



https://xtremepape.rs/

REPEAT FROM * TO **
PAUSE 00’30’’

SIGNAL

**M** Dit is die einde van die toets.

**E** This is the end of the examination.

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which itself is a department of the University of Cambridge.



https://xtremepape.rs/